Maandag 1 Junie
Skrifgedeelte: Lukas 24:13-35
Fokusgedeelte: Lukas 24:31-32 (AFR53/83/2020)
Uit genade verlig Christus die mens se verstand

Die twee manne op pad na Emmaus se oë is verhinder, en hulle oë is weer geopen. Waarom het God dit so laat gebeur? Uit die gebeure in Lukas 24 sien ons: Hy het dit gedoen om te wys hoe Hy in die toekoms sy kerk sal vergader. Hy sal dit doen deur sy uitverkorenes tot geloof te bring. Hulle sal dit nie vanself doen nie.

As gevolg van ons sondige aard is die mens horende doof en siende blind. Dit het die profeet Jesaja al in Jesaja 6:9-10 gesê. En hier sien ons dit weer by die twee manne van Emmaus. Die opgestane Christus was die hele dag by hulle, en het met hulle gepraat, en tog herken hulle Hom nie. Hy het die Bybel vir hulle uitgelê, maar hulle het dit nie verstaan nie.

Eers toe die Here in genade hulle oë laat oopgaan het, het hulle Jesus herken. En toe het hulle vir mekaar gesê: *"Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat het nie?"* Eers agterna het hulle besef: Sonder dat ons dit agtergekom het, het die Heilige Gees 'n vuur in ons harte aan die brand gesteek – en dit terwyl ons na die Here se woorde geluister het.

Dit is hoe die Here se genade met mense werk. Dit is hoe Hy sy uitverkorenes in sy kerk bymekaarmaak. Terwyl ons na sy Woord luister, werk die Heilige Gees met onweerstaanbare krag in ons harte, sonder dat ons daarvan bewus is. Hy laat ons geloofsoë oopgaan, sodat ons die opgestane Christus by ons kan raaksien. Hy verlig ons verstand, sodat ons die Skrif kan verstaan, die evangelie kan begryp, en dit as die waarheid van ons lewe omhels. Uiteindelik word ons deur die geloofsvuur in ons harte gedryf om, soos die Emmausgangers, op te staan en aan almal te vertel: Jesus Christus het opgestaan, en Hy leef. Hy is ons Verlosser en Saligmaker.

*Sing: Psalm 146-1:6*

*Prof. GJC (Jorrie) Jordaan (Emeritus)*